

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

ds. PJ Kriel

25.09.2016

Inhoud. Hierdie preek wys dat die Here Hom laat doop het om sondaar vir sondaars te wees en hul sondes op hom te neem en weg te vat met sy dood en opstanding. Dit wys dat die Here kinders insluit in die seëninge van sy dood en opstanding. Daarom moet kinders gedoop word met die doop waarmee die Here gedoop is as mens vandag. Hy is saam met hulle 'n gedoopte omdat Hy in hulle sonde ingedoop is. Die preek wys ook op die afgodsdienste van die wat geestelike magtiges wil wees en daarom kinders uitsluit uit die koninkryk van God. Dit wys dat met die bekeringsdoop van hulle wat glo hulle is die magtigste dissipels, sluit hulle kinders uit God se koninkryk uit. Die Here het nie 'n bekeringsdoop gehad nie. Dit wys op die kontras dat geestelike kinders uitsluit uit God se koninkryk terwyl die Here hulle insluit en ook op die kontras dat die Here die magtige geestelike uit sy koninkryk uitsluit terwyl hulle glo hulle is die bestuurders van sy koninkryk.

Liturgie 1.Ps. 33 verse 1, 2, 5 en 6; bl. 836 2. Lied 288: 1, 2, 3.
3. Lied 292 verse 1 en 2.

Skriflesing: Matteus 3: 13-17; 18: 1-5; 19: 13 – 26 en 28: 16-20.

Teks Matteus 28: 18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. 19 gaan dan na alle nasies toe en maak mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Tema. Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel.

1.Ons doop vanoggend vir Mila Young met dieselfde doop waarmee Jesus deur Johannes die Doper gedoop is. Ons gee aan haar die teken van die doop om saam met Jesus, wat vandag mens in die hemel is, 'n gedoopte te wees. Gedoop saam met en in die doop van Jesus Christus.

Daar is net een doop!

Die doop waarmee die Here Jesus self gedoop is. Dit is die doop waarmee die kerk volgens die opdrag van die Here moet doop. Daar is en kan geen ander doop wees as die doop waarmee die Here self gedoop is nie.

Wanneer ons Mila doop, is dit dieselfde doop waarmee Jesus Christus gedoop is.

2. Hoe vreemd dit is dat sy met dieselfde doop gedoop word vanoggend as die doop waarmee die Here deur Johannes gedoop is, sien ons uit Johannes die Doper se reaksie wanneer die Here Jesus aandrings om deur Hom gedoop te word. Jesus se versoek, en toe opdrag, is vir Johannes so vreemd dat hy weier om aan die versoek

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

van die Here toe te gee. Hy weier om die Here te doop. Dit is vir Hom nie reg dat die Here gedoop moet word nie.

Johannes het nie geglo dat Jesus met dieselfde doop gedoop kon word as waarmee hy besig was om mense mee te doop nie. Hy kon glad nie aanvaar dat Jesus met dieselfde doop gedoop kon word as waarmee hy mense gedoop het nie.

Die rede daarvoor is baie eenvoudig.

Johannes het mense gedoop wat hulle self as sondaars aanvaar het wat 'n Messias nodig het om hulle van hulle sonde te verlos. Dit is soos Johannes die Doper die Here Jesus ook aangekondig en uitgewys het: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" Hy is nie 'n sondaar wat die Messias nodig het nie. Hy is die Messias wat die sonde van sondaars wegvat!

Hoe kan Hy wat nie sonde het nie, wat nie van sonde kan bekeer nie en wat nie van sonde verlos kan word nie, die teken dra van water wat wys jy is van jou sonde gereinig?

Jesus mag nie en kan nie volgens Johannes hierdie teken wat wys dat jy van sonde gereinig is, dra nie, want Jesus is nie van sonde gereinig nie. Hy is die Een wat mense van hulle sonde reinig, was en skoonmaak!

3. Wanneer Jesus Johannes antwoord: "Nogtans moet jy dit doen" dan erken die Here dat Johannes in 'n sekere sin reg is. Hy het nie sonde waarvan Hy gereinig moet word nie. Hy kan ook nie die teken dra dat Hy, Jesus, van sy sonde gereinig is nie.

Dit is wat Jesus Johannes gelyk gee in die woord "nogtans", bedoelende al is dit so soos wat glo en dit daarvolgens met reg kan weier, moet jy dit juis nog steeds doen.

Die rede hoekom Johannes dit nog steeds moes doen, stel Jesus dan in die NAV op die volgende wyse: "... want dit is goed dat ons op hierdie manier alle geregtigheid vervul." Hierdie sin beteken dat Jesus vir sondaars op hierdie manier regverdig sal maak.

Op watter manier? Op hierdie manier waarop Hy as 'n sondaar saam met sondaars gedoop word. Dit is die werklike betekenis van die doop van die Here Jesus:

- Hy is nie 'n sondaar nie en het nie sondes waarvan Hy gereinig moet word nie.
- Hy kan nie die doop as teken dra dat Hy van sy eie sondes gereinig en gewas is nie.
- Hy ontvang en dra die teken van die doop dat Hy Homself in die plek stel om

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

saam met sondaars sondaar te wees.

- Sy doop is teken dat Hy ingedoop is in die sondes van sondaars en hulle sondes met hulle deel.
- Daarom is die doop die wyse waarop die Here begin om sy verlossingswerk te doen. Dit is die begin van sy optrede as die Messias, die Christus. Hy gaan staan in die plek van sondaars om saam met hulle 'n gedoopte te wees: een met sondaars en hulle sondes.
- Daarom is die doop die teken van hoe Hy sondaars reinig: Hy word een met die sondes van sondaars sodat hulle een met Hom kan wees wanneer Hy aan die kruis vir hierdie sondes betaal. Hy roep aan die kruis uit: "My God, my God waarom het u My verlaat?" (Mat. 27: 46), as die die rede vir die gesagvolle aankondiging dat Jesus as Here nou vandag self die mag het om God met ons te wees. (Mat. 28: 18-20)

Jesus word met ons as sondaar in ons sonde gedoop sodat Hy ons sonde op Hom kan neem en ons deur sy kruisiging en opstanding van ons sondes kan reinig.

4. Ons doop Mila vanoggend met dieselfde doop as waarmee Jesus Hom laat doop het!

Jesus het Hom in haar plek as sondaar laat doop sodat Hy haar van haar sondes kan reinig. Jesus Christus is ingedoop in al haar sondes wat sy gaan doen en daarom, omdat die Here in haar sondes ingedoop is, deel Hy al haar sondes met haar.

Want die deler is so goed soos die steler.

Ons doop haar vanoggend met dieselfde doop waarmee die Here gedoop is. Dit is tog die opdrag wat die Here in Matteus 28 aan sy kerk gegee het. Die opdrag is nie om mense te doop met die doop waarmee Hy gedoop wás, iets in die verlede nie. Want die Here wat hierdie opdrag gee, is die Here wat as mens lewend uit die graf opgestaan het en in Galilea aan die elf dissipels verskyn het! Hy gee opdrag om mense te doop met die doop wat Hy self vandag nog het as gedoopte mens in die hemel dra.

Daarom kan daar nooit iemand wees soos 'n Jesus wat gedoop was nie. Jesus was nie 'n gedoopte mens nie. Hy is vandag nog steeds die gedoopte mens wat deur Johannes gedoop was. Om gedoop te word met 'n doop waarmee Jesus gedoop was, sou beteken dat die Jesus waarin ons glo nie meer die mens is wat uit die dood uit opgestaan het en aan sy dissipels lewend as mens verskyn het om te wys Hy is na sy dood vir altyd mens nie.

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

5. Daarom deel Mila vanoggend die teken wat die Here vandag in die hemel dra: hulle deel een doop, dieselfde doop! Want met sy doop het die Here Hom in haar sondes ingedoop en haar in sy sterwe en opstanding ingedoop!

Hulle deel vandag een en dieselfde doop!

Hy is in haar sondes ingedoop en sy is deur die Here in sy lyding en opstanding vir haar sondes ingedoop! Met hierdie doop verseël die Here haar vanoggend self dat Hy met al die mag in die hemel en op die aarde wat Hy deur sy lyding en opstanding ontvang het om Here te wees, haar reinig. Hy reinig haar om altyd met haar te wees as God en te sorg dat sy vir Hom sondeloos en reg is.

Deur in haar sondes ingedoop te wees, is Hy die Here wat vir haar alle geregtigheid vervul het sodat sy nooit vir enige sonde ooit Godverlate sal wees nie. Sy is ingedoop in die geregtigheid wat die Here vir haar vervul het omdat Hy as sondelose mens in haar sondes ingedoop is.

6. Die kinders is nie deel van die koninkryk van God nie!

Dit is die woede teen en verergdheid met die ma's van die Here se dissipels oor hulle hul kinders na die Here toe gebring het. Kinders mag nie na Jesus gebring word nie want kinders is nie deel van die koninkryk van God nie!

Daarom raas hulle met die ma's om hul kinders weg te vat en die Here nie met kinders te pla nie. Hy en hulle sou volgens hul opvatting met die magtige saak van die koninkryk van God besig wees, en kinders is nie deel van hierdie magsbedryf, die koninkryk van God nie.

Kinders is nie deel van God se koninkryk nie!

Dit is hierdie geloof van die dissipels wat die Here aanspreek wanneer Hy sy dissipels se woede teen kinders aanspreek met die volgende woorde: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle." (Mat. 19: 14)

In al drie die evangelies word twee insidente direk na mekaar vertel: die ma's wat hulle kindertjies na die Here bring en die ryk jongman wat God al van sy jongmensdae af gedien het.

Die Here stel dat kindertjies wat nog in ons taal pleuters is, so tussen 3 en 5 jaar ou is, deel van die koninkryk van God is, net om direk daarna vir 'n man te sê wie van sy tienerjare af die gebooie van God onderhou het, dat hy nie die koninkryk van God kan ingaan nie.

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

Kleintjies deel in die koninkryk maar tieners wat die gebooie van die Here onderhou is uit!

Die Here wys dat Hy presies op die teenoorgestelde wyse werk: kleintjies deel in die koninkryk en tieners wat die wet onderhou is uit! Die dissipels het presies die teenoorgestelde geloof. Volgens hulle is die kleintjies uit en kinders kan net inkom as hulle die gebooie van God kan begin onderhou! Soos met die ryk jongman!

Daarom ontstel die Here hulle so diep dat hulle op die Here se openbaring dan vra: "Wie kan dan gered word?"

7. Wie die Here in sy koninkryk insluit en wie Hy uitsluit is presies die teenoorgestelde as wie sy dissipels wil insluit en wie hulle wil uitsluit.

Dit wys die Here vir ons duidelik met sy doop!

Hy laat Homself in sondaars se plek doop om saam met hulle hul onreinheid te deel en deur sy sterwe en opstanding uit die dood hulle van hul onreinheid te reinig! Wie deel in wat Hy deur sy sterwe, kruisiging en opstanding vir sondaars doen, is ingesluit en deel in die koninkryk van God

Wie is reg vir die koninkryk van God?

Hulle soos wat die Here dit stel by sy doop: "dit is goed dat ons op hierdie manier alle geregtigheid vervul. Hulle is reg wat aan die geregtigheid wat die Here vervul het, deel het. Mense is nie reg omdat hulle self die geregtigheid van die wet van God vervul nie.

Wie vervul die geregtigheid? Jesus wat een word met sondaars se sonde en hulle sonde wegvat deur sy lyding en dood. Jesus wat die teken van die doop die teken maak van sy lyding en dood vir sondaars. Hy alleen is die Een wat hierdie geregtigheid vervul.

So? Wie sluit Hy in?

Hy sluit sondaars wat onrein is in sy koninkryk in omdat Hy saam met hulle een van die onreines word om hul onreinheid met hulle te deel en dit wat Hy met hulle deel wegvat!

Hoe sluit Hy hulle in?

Deur hulle te laat deel in sy lyding en opstanding! Dit is hoe die Here sondaars seën. Dit is die enigste wyse waarop die Here seën en die enigste seëninge waarmee die Here sondaars seën: die seëninge van sy sterwe en opstanding vir sondaars!

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

8. Wie sluit die Here uit die koninkryk van God uit?

Hy sluit mense soos die dissipels en die ryk jongman uit sy koninkryk uit!

Hulle word uitgesluit omdat hulle 'n ander manier het om deel van God se koninkryk te wees. Hulle manier is geestelike mag! Dit is die betekenis van die woord “belangrikste” in hulle vraag in 18 vers 1: “Wie is die belangrikste in die koninkryk van God?” Bedoelende wie is die magtigste!

Hulle manier om deel van die koninkryk van God te word, is geestelike mag! Dit is presies waarmee die ryk jongman van sy tienerjare af besig was: om die goeie dinge te doen waardeur jy die mag kry om deur God geseën te word! (Mat. 19: 16)

Hulle was besig met hierdie geestelike mag:

- Ons onderhou die Here se wet só goed dat die Here ons moet seën!
- Ons doen al die goeie dinge sodat ons die reg en mag het om deel van God se koninkryk kan wees!
- Ons is met al die geestelike ervarings en geestelike belewenisse van die koninkryk van God besig! Ons is die bekeerdes! Ons is die toegewydes! Ons is die liefdevolles! Ons is die voorbeelde en verkondigers!

Die dissipels en die ryk jongman is besig om deur die goeie dinge wat hulle doen, om die wet te onderhou, vir hulle self die reg en mag te verkry om deur die Here geseën te word! Dit is in hulle gemoed die mense wat die Here Jesus in sy koninkryk moet insluit!

Nou kom die Here en stel hierdie totaal teenstrydige waarheid: sulke mense kan nie in sy koninkryk ingaan nie!

9. Hoekom sluit Hy sulke mense uit sy koninkryk uit?

Want sy koninkryk is die genadeheerskappy van God! Dit is nie God se geestelike mag deur mense op aarde nie!

God regeer sondaars nie met of deur die geestelike mag van mense nie! God regeer sondaars deur sy liefde en genade wat deur Jesus se dood en opstanding vir sonde bewerk word.

Dit is wat Jesus in Matteus 20 verklaar: “Alle mag in die hemel en oop aarde is aan my gegee!” Dit is al die mag wat Hy as gedoopte Here ontvang het! Deur self met sondaars hulle sonde te deel, het Hy die mag ontvang om sondaars se sonde weg te vat aan die kruis en hulle in God se liefde in te sluit.

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

In hierdie genadeheerskappy doen die Here dit wat Hy aan sy dissipels verklaar in Matteus 19: “Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: “Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.” Deur saam met sondaars ’n gedoopte sondaar te word om hul sondes met sy kruis weg te vat, is hoe dit vir God moontlik is om te doen wat mense nie kan nie. Hy kan sondaars regverdig maak en regverdig laat wees deur sy genaderyk. Hy laat hulle in sy liefde en genade deel deur hulle in Christus in te doop soos Christus in hulle plek ingedoop is.

Hoekom sluit die Here sulke mense soos die dissipels en die ryk jong man uit sy koninkryk uit?

Want hulle koninkryk is nie sy koninkryk nie!

In hulle koninkryk regeer God deur die grootste dissipels op aarde, die magtigste dissipels op aarde. In hulle koninkryk word mense gered wat van hulle tienerjare af die wet van God onderhou soos die ryk jongman.

Hierdie koninkryk van die magtigste dissipels en mense wat die wet van God van hulle tienerjare af onderhou, is nie die koninkryk van Jesus Christus nie. Hy sluit hulle uit sy koninkryk uit omdat in sy koninkryk net Hy mense regeer deur in hulle plek saam met hulle in hulle sonde gedoop te wees, sodat Hy sy kruis en opstanding met hulle kan deel. In sy koninkryk word sondaars deel van die liefde en genade van God. In geestelikes se koninkryk word mense deel van die mag van God deur die grootste geestelikes.

Christus sluit mense wat in God se mag wil deel en saam met God oor mense wil regeer uit sy koninkryk uit. In sy ryk het net Hy alle mag in die hemel en op aarde. In mense se geestelike ryke het God alle mag in die hemel, maar het God net mag op aarde deur magtige geestelike leiers.

10. Die Here roep sy dissipels en die ryk jongman tot bekering!

Die vertaling van die Grieks in 18 vers 3: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie” is die Here se oproep tot bekering. Sy dissipels en die ryk jongman moet tot bekering kom om deel van die koninkryk van God te wees!

Wat beteken hierdie bekeringsoproep van die Here?

Dit word vandag baie keer só verkeerdelik uitgelê: Jy moet nie hoogmoedig, magsugtig en eersugtig wees soos grootmense nie. Jy moet so afhanklik, nederig en kinderlik soos kinders wees. Groot mense moet so kinderlik soos kinders wees. Wanneer grootmense so kinderlik soos kinders is, dan is hulle deel van die koninkryk van God.

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

Hoe siek en skeef hierdie geestelike opvatting oor bekering is, wys duidelik uit hierdie sogenaamde kinderlike grootmense se opvatting oor die doop. Hulle wat so kinderlik geword het, glo dat kinders nie gedoop kan word nie, maar net grootmense wat so kinderlik soos kinders geword het.

Volgens hulle beteken Jesus se woorde dat jy deel word van die koninkryk van God wanneer jy as grootmens so kinderlik soos kinders word, maar dat kinders nie gedoop kan word voor hulle nie kan doen wat grootmense doen nie.

Kan u sien hoe siek en skeef is hierdie geestelikheid?

Jy kan net as grootmens deel word van God se ryk wanneer jy as grootmens so kinderlik soos kinders is, maar kinders kan nie gedoop word as burgers van hierdie ryk nie. Kinders is nie deel van hierdie koninkryk nie omdat hulle nog kinders is wat nie grootmense is wat soos kinders geword het nie.

Kinders wat kinders is, is nie deel van die ryk van God nie! Net grootmense wat hulle soos kinders gedra! Dit is die geestelikes ryk van die magtigste geestelikes!

11. Mense wat so glo soos sy dissipels en die ryk jongman moet volgens die Here tot bekering kom!

Hierdie bekering wat die Here hier aankondig, is nie bekering van hoogmoedigheid na nederigheid nie. Dit is die bekering waarin jy moet weg breek van die geloof om deur jou wetsonderhouding van jou tienerdae af gered te word! Dit is die bekering waarin jy moet wegbreek van jou eie bekerings, jou eie oorgawes, jou eie gebede, jou eie toewydings, jou eie sondebelydenisse, en jou eie liefdes vir God en mense af om jou self geestelik te bemagtig.

Dit is die bekering waarin jy draai na Jesus as die gedoopte Here en glo dat Hy in jou sondes ingedoop is, sodat jy in sy kruisiging en sterwe vir jou sondes ingedoop is! Dit is die tipe bekering waar geloof in Jesus Christus as die gedoopte Here ons bekering is, die geloof dat God dit alleen so deur die gedoopte Here vir jou kan doen!

Wie só tot die Here bekeer, deel in dieselfde genade waarin God kinders laat deel: dat Hy vir hulle in hul plek die gedoopte sondaar is wat hulle sondes deur sy kruis en dood wegneem om hulle volkome rein voor God te stel.

Wie so tot die Here bekeer ontvang die koninkryk van God se genade net soos kinders: hulle word deur God ingesluit in wie Jesus Christus vir hulle in hulle plek as gedoopte is. Hulle ontvang die koninkryk! Hulle verdien of bewerk nie hulle plek in die koninkryk van God nie.

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

12. Mila ontvang die doop van die Here om saam met Hom vandag 'n gedoopte te wees!

Hierdie teken wys dat die Here al haar sondes met haar deel en daarvoor gekruisig was en gesterf het. Sy is so van al haar sonde vir die res van haar lewe gereinig.

Hierdie teken wys dat die Here haar seën met al die seëninge van sy kruisiging, dood en opstanding. Dit het die Here vir ons gewys deur kindertjies te seën wat sy dissipels van sy seëninge wou uitsluit. Die Here se handeling hier met die kinders is teken van wat Hy met kinders in sy lyding, sterwe en opstanding doen. Die Here sluit kinders wat nie kan bekeer, reg bid, reg vra, reg lief hê volgens die wet en wat reg kan leef volgens die wet in, in al die seëninge wat Hy deur sy kruisiging, dood en opstanding bewerk en verdien het. Die Here seën hierdie kinders nie met 'n ander seën as die seëninge van sy doop en opstanding nie. Want dan sou dit weer beteken dat die Here kinders met seëninge seën waardeur Hy hulle uitsluit van die seëninge van sy dood en opstanding.

Dit is net die blindheid van geestelikes wat my hul eie magtige geestelikeheid besig is soos die dissipels en die ryk jongman, wat kan glo dat die Here kinders uitsluit uit die seëninge van sy dood en opstanding deur hulle met 'n ander seën te omhels. Die Here het saam met kinders 'n gedoopte geword om kinders te sonde met hulle te deel sodat Hy kinders se sondes met sy dood en opstanding kon wegneem en hulle vir God so kon reinig.

Die Here sluit kinders in sy doop in om saam met Hom 'n gedoopte te wees! Daarom moet Mila hierdie teken saam met die Here deel.

Ons doop haar in die Naam van die Seun omdat die Seun in haar al haar sondes ingedoop is en dit wegneem het.

Ons doop haar in die Naam van die Heilige Gees wat as die seëninge van die Here se sterwe en opstanding deel van haar lewe maak en

Ons doop haar in die Naam van die Vader wat haar insluit in sy liefde, sy genade, sy goedheid en barmhartigheid omdat sy in Christus ingedoop is.

13. Ons mag nie haar verhinder om saam met die Here 'n gedoopte te wees nie.

Dit is net mense wat glo hulle is die groot en magtige leiers van God wat dit wil keer. Dit is hulle wat deel is van 'n ander koninkryk wat haar so van die Here wil weghou en uit die Here se koninkryk wil uitsluit!

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

In die geestelikheid van die magtigste dissipels van die Here is dit net mense wat Jesus kan nadoen wat soos Jesus gedoop kan word, want net mense wat Jesus kan nadoen kan deel in die seëninge van sy doop en opstanding, nie kinders nie.

Volgens die magtigste dissipels van die Here mag kinders nie in die seëninge van die doop en opstanding van die Here ingedoop word nie, want hulle kan nie daarin deel nie. Hulle moet 'n ander tipe tydelike seëning ontvang voor hulle kan deel in die seëninge van die Here se dood en opstanding.

Die magtigste dissipels van die Here beweer dat net mense wat tot bekering kom kan in die seëninge van die Here se doop en opstanding deel.

Want vir die magtigste dissipels van die Here hulle werk hul geestelike koninkryk só: wanneer jy jou sondes bely dan maak jy soos Jesus gemaak het en deel jy sy doop saam met Hom; wanneer jy beloof om vir die Here lief te hê dan staan jy ook uit die dood op soos Jesus uit die dood uit opgestaan het.

In hierdie bekering waarin jy jou sondes bely en jouself aan die Here oorgee, maak jy soos Jesus gemaak het toe Hy Homself laat doop het. Jy kry so deel aan die bekeringsdoop van Jesus!

Met hierdie bekeringsdoop van die magtigste dissipels van die Here moet ons vandag kinders weghou van Jesus, mag hulle nie die doop van Jesus met Jesus as kinders deel nie. Met hulle bekeringsdoop maak hulle van die Here se openbaring dat kinders in sy dood en opstanding deel deur hulle te seën met die seëninge van sy dood en opstanding, die voorbeeld dat die Here hulle uitsluit van sy doop! Hulle verdraai die Here se openbaring van hoe Hy kinders insluit in sy doop en dood om 'n voorbeeld te wees dat hulle ander seëninge kry omdat hulle nie kan deel in die Here se doop en dood nie!

Die magtigste dissipels van die Here sluit kinders uit die koninkryk van God uit met hulle bekeringsdoop!

14. Ons mag Mila vandag nie uitsluit uit die koninkryk van God nie!

Ons mag haar nie in seëninge insluit wat haar uitsluit om saam met die Here gedoop te wees nie. Ons mag nie die woede van die Here se dissipels op haar uithaal omdat ons met ons eie geestelike koninkryk besig is nie. 'n Koninkryk waar Jesus die voorbeeld van 'n bekeringsdoop moet wees nie.

Hoekom nie?

Want Jesus was nie gedoop omdat Hy tot bekering gekom het nie!

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

Hy was gedoop omdat Hy sonder sonde was en Homself sondaar tussen sondaar gemaak het met sy doop. Die koninkryk waar Jesus die voorbeeld van 'n bekeringsdoop is, is die nie die Here se genaderyk nie.

Jesus se doop is nie 'n teken van hoe ons Jesus nadoen en soos Hy doodgaan wanneer ons ons sondes bely en soos Hy opstaan wanneer ons ons aan die Here oorgee nie. Jesus se doop wys ons nie hoe ons saam met Jesus moet doen wat Hy gedoen het nie.

Jesus se doop wys ons hoe Jesus doen wat net vir God moontlik maar vir mense onmoontlik is. Die Here self word in ons plek die sondaar wat vir ons sondes sterf en die Here word self die mens wat regverdig leef om ons in sy regverdigheid te laat deel. Sy doop is die teken wat wys dat ons deel is van dit wat net vir God moontlik is: om sondaars te regverdig.

En wat God doen wat net vir God moontlik is, doen die Here vir kinders en volwassenes! Hy doop Homself in hulle sonde in sodat hulle in sy dood en lewe ingedoop is.

Wat net vir God moontlik is, het Hy ook vir Mila gedoen: Hy is saam met haar 'n gedoopte! Hy is in haar sondes ingedoop om dit met sy dood weg te neem en haar vir God te reinig.

Kom ons gee haar die teken wat sy met die Here deel: sy is saam met die Here 'n gedoopte!

Kom ons doop haar sodat sy saam met die Here 'n gedoopte kan wees!

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

Skrifuitleg notas.

- Die kinders is kinders wat nog gedra moes word en deur mas gebring word.
- Die verwagting van die ma's wat dat Jesus hulle sou seën.
- Die dissipels is ontsteld en vererg met die optrede van die ma's. Daarom die vertaling "geraas".
- Die verergdheid gaan oor kinders wat nog nie geleer kan word deur Jesus as Rabbi nie. Hulle kan nog nie deel wees en saamwerk aan die koninkryk van God nie.
- Die verskil tussen Jesus en sy dissipels gaan hier oor die koninkryk van God: is dit 'n genadeheerskappy of is dit 'n wetsheerskappy. Gaan die Here hulle deur sy genade regeer, dit is deur hulle in sy lyding en opstanding in te sluit, of deur die wet, dit is deur hulle wetsonderhouding.
- Die seëning deur die Here wys op sy volmag om kinders in te sluit in sy genaderyk nes met sy genesing van die verlamde in hoofstuk 9 vers 6. Om te wys dat Hy die volmag het om kinders in te sluit in die ryk van God.
- Die verskil tussen Jesus en sy dissipels gaan oor die feit wie in gesluit is in die nuwe Messiaanse koninkryk. Die dissipels glo dat hulle wat hulle deur die wet van God self bemagtig het as die regverdiges is deel van sy ryk. Jesus sluit hulle in wat nie hulle self deur die wet kan regverdig nie. Daarom die verwysing dat hulle nie pleuters is.
- In vandag se kerkpolemiek dit is kinders wat nog nie tot bekering kan kom, nog nie hulle sonde kan bely nie, nog nie hulle innerlik tot die eise van die wet kan verbind en kan verantwoord nie – sulke kinders sluit Hy in sy genaderyk in.
- Daarom is dit ook verkeerd om in die kinders 'n kinderlike geloof of vertroue in Hom as voorwaarde vir die koninkryk te soek. Dit gaan juis daaroor dat hulle nie aan enige van hierdie vereistes kan voldoen nie en dat Hy hulle nogtans in sluit in sy genaderyk.
- Dit is ongeldig om in hierdie optrede 'n ander tipe seëning te soek as die seëninge van sy koms: sy lyding en opstanding. Dit gaan juis oor die Here se volmag deur sy lyding en opstanding om die volmag te hê om kinders in sy genaderyk in te sluit.
- Hierdie openbaring van wie die Here is, wys juis om die insluiting van kinders in sy genaderyk, nie op hulle uitsluiting deur 'n ander tipe seëning as dit waarin Hy gevolmagtig is nie: sy lyding en opstanding.
- Markus vermeld Jesus se verontwaardiging oor sy dissipels se optrede, Markus vermeld dat die mense aanraking gesoek het terwyl Matteus dit noem dit versoek tot gebed. Markus stel ook dat wie die koninkryk nie soos 'n kindjie ontvang nie daar sal kan ingaan nie, as oorgang na die insident met die ryk jongman wat die koninkryk van God wou ingaan deur alles van sy kinderdae af te onderhou. Kinderdae is die fase na pleuter wees. Dit is die verband tussen 13- 16 in Markus 10 en 17 – 30: kinders wat die koninkryk ontvang en

Die Here doop ons met dieselfde doop as waarmee Hy gedoop is as teken dat ons in al die seëninge van sy dood en opstanding deel

hulle wat van hulle kinderdae die wet onderhou wat nie koninkryk kan ingaan nie.

- Die verskil tussen die dissipels se geestelike ryk en Jesus se genaderyk gaan oor die verskil tussen mag en genade. Dit wys die Here weer uit met kinders in Matteus 18: 1-5.
- Die versoek van die dissipels oor wie die belangrikste is in 18 vers 1 het dieselfde strekking as Jakobus en Johannes se versoek deur hulle ma aan Jesus in 20: 20: “Wie gaan die mag kry na Jesus nie meer daar is nie?” Wie gaan die geestelike leiers wees van die geestelikheid wat Jesus op aarde kom vestig het? Dit is die eerste vraag waarmee die vierde gespreksrede van die Here geopen word. Dit is die gesprekrede na die twee lydingsaankondigings waarin die fokus nou val op die kerk na die Here se hemelvaart.
- Daarom die vraag wie die belangrikste is: wie gaan die geestelike leiers van die kerk wees wanneer die Here nie meer daar is nie? Groot het die betekenis van magtig. In Matteus is die vraag nie direk gekoppel aan die interne magstryd onder die dissipels nie.
- Jesus antwoord met 'n handelende gelykenis. στρεφω omkeer, omdraai; dui op bekering. Hier dui dit om van alle geestelike mag af te sien en om die heilsgawes van die Here te ontvang. Kinders verdien nie, gee nie, deel nie uit nie. Hulle ontvang. Die wegkeer uit geestelike bevoegdheid om van die Here alle heilsgawes te ontvang is die bekering tot Jesus as Here.
-